

## VIR DIE VROUE

# Else Louwrens — 'n Waardering

deur ELSABE SAUER

OP 'n dag in die jaar 1882 het hier in Kaapstad 'n jong vrouwtjie met vyf dogtertjies aan wal gestap. Sy was Elizabeth Bremer en haar man Julius, 'n jong Duitse dokter, het 'n jaar voor haar uitgekom om hier 'n tuiste vir sy familie te bou. Sy praktyk was op die klein dorpie Hopefield en dit was hier in die klein Sandveldse dorpie dat Elizabeth haar familie versorg en opgevoed het. Dáár het nog tweetjies bygekom; 'n dogtertjie en, die jongste, 'n seuntjie, Carl, Elizabeth was besonder begaafd. In haar jong dae het sy in die groot kerk in Lübeck gesing. Sy kon die klavier uitstekend speel en baie goed skilder. Die vader was ook 'n buitengewone man. Die jong medikus het die tjello gespeel en goed gesing en was ook 'n sterrekundige. Daar is ook 'n bundel gedigte uit sy jong dae.

Elizabeth het eers self die kinders geleer, maar hulle het later na die beste skole in Kaapstad gegaan. Om die onkoste van die opvoeding te dek, het sy musieklesse gegee en elke Saterdag kunsklasse.

Die dokter is in 1893 dood, nadat hul maar elf jaar in die land was. Toe moes die moeder self alles bybring vir die opvoeding van haar kinders. Else was die oudste en sy was sewentien jaar en die jongste, Carl, maar agt jaar.

Mev. Bremer het nog twee jaar op Hopefield gebly en toe vertrek na Wellington waar daar goeie skole was. Daar het sy musiek-

en kunslesse gegee en kosgangers ingeneem.

Ons kan besef wat Else vir die familie beteken het. Toe haar moeder 'n jaar lank na Duitsland is, het Else die hele huishouding, met musiek- en kunslesse en al oorgeneem.


Else het, nadat sy haar onderwysersdiploma behaal het, op verskeie plekke skoolgehou. Sy is in 1903 met Andrew Louwrens van Riversdal getroud. Hulle het later 'n plaas naby Cradock gekoop. Gedurende haar gelukkige huweliksjaare het sy vier kinders gehad — twee seuns en twee dogters.

Haar man is in 1914 oorlede en na sy dood is daar nog 'n dogtertjie, Rosemary, gebore. Sy het nog twee jaar op Cradock gebly, waar haar broer Carl as jong dokter 'n praktyk begin het, en haar suster Hildegard ook gewoon het.

Daarna het sy na Stellenbosch gekom. Haar dogtertjie Rosemary is kort na haar aankoms hier oorlede.

Hier op Stellenbosch het Else stil gewoon. Net soos haar moeder het sy musiek- en kunslesse gegee; ook lesse in Afrikaans en Duits. Daarby het sy gedurig artikels en verhale vir tydskrifte geskrywe. Haar werk het haar dus gedurig in aanraking met jongmense gebring.

Niemand wat Else Louwrens geken het, kon help om haar lief te hê nie. Sy was so innemend en charmant met 'n heerlike humorisin, en daarby was sy ook besonder begaafd.



Else Louwrens kort voor haar dood.

Musiek was vir haar die grootste rykdom. Sy was innig musikaal en het 'n merkwaardige kennis van musiek gehad en ook die beste opleiding wat in dié dae hier verkrygbaar was — sang en klavier onder Barrow-Dowling en viool onder prof. Eberlein. Sy het ook die gawe besit om te dig en te komponeer.

Omdat sy gedurig in aanraking met musikale jong mense was en vriendelik en hulpvaardig daarby, het sy vir haar jong vriendinne Duitse liedere in Afrikaans vertaal. Die vertaalwerk het al hoe meer uitgebrei sodat daar nou 'n versameling van oor die 250 uitgesogte liedere is wat sy uit Duits en Engels vertaal het. Onder hulle is al die bekendste liedere van o.a. Brahms, Wolfe, Schumann, Schubert, Mendelssohn, Wagner, Beethoven, Händel, en ook dele van bekende oratoria.

Die vertalings is merkwaardig. Elke lied is met die hulp van die bekende sangonderwyseresse mej. Wandelt en Joan van Niekerk uitgetoets en verander en weer verander totdat hulle almal tevrede gestel het.

Ek gee hier haar vertaling van „Aan die Musiek” van Schubert:

„O, skone kuns, in hoeveel somber ure  
Het u my hart, deur bande swaar omstrik.  
Jy doen ontvlam die warmste liefdesvure  
En my ontsluit 'n wêreld van geluk.  
Soms in versugting wat jou harp ontvloei het,  
Kon deur 'n heilige akkoord van jou  
'n Hemel uit die aarde op laat bloei het,  
O skone kuns: en daarvoor dank ek jou.”

Daar is onder haar eie komposisies, slaapliedjies, volksliedere en ballades waarvan die woorde haar eie is.

Ek hoop dat dit moontlik sal wees om beide haar eie komposisies en vertalings te laat druk sodat almal die genot van haar werk sal kan hê.

Haar liefde vir die mooi dinge in die lewe en in die natuur sien ons in haar skilderye. Sy het veel geskilder, meestal blomstudies en landskappe in waterverf. Haar werk het 'n eenvoud, frisheid en fynheid wat baie bekoorlik is.

Sy het baie belang gestel in alle kuns, veral die werk van ons eie kunstenaars, en was teenwoordig op al die kunstentoonstellings wat sy kon bywoon. Haar advies was ook gedurig gesoek deur diegene wat skilderye wou koop.

(Vervolg op bladsy 51)

Die familie Bremer op die dag van hul aankoms in Suid-Afrika. Else is die oudste.



## WAT WORD VAN DIE OU GESLAG?

(Vervolg van bladsy 44)

jaar oud en nog taamlik sterk en bedrywig. Ek woon in my eie huisie. Ek is nie ryk nie, maar daar ontbreek aan my niks — net ek voel alleen. Ek het dogters wat my al keer op keer gevra het om by hulle te kom inwoon, maar hoe kan ek na al die jare van 'n selfstandige lewe waar ek kon maak en breek soos ek lus het, by iemand anders gaan woon? Hulle het elkeen hul eie huishouding en kindertjies om te versorg. Dit is wel heerlik om 'n week of so by die een of die ander van hulle te gaan kuier, maar sodra ek my voet weer in my eie ou huisie sit, skiet daardie Engelse versietjie wat ek in my kinderdae moes leer, my te binne: „Home, home, sweet, sweet home.”

Ek dink dit sal 'n ideale plan wees om soveel as moontlik saamwoon-plekke te laat oprig waar die ou dames in die dorp waar hulle groot en oud geword het, saam kan woon. Hoe sal dit wees as elke dorpsbestuur 'n stukkie grond afstaan en dan om eers net 'n begin te maak, daar drie of meer huisies laat bou. Dit sal natuurlik afhang van die grootte van die dorp of distrik. Dan hoef die oumense mos nie weggestuur te word na vreemde plekke nie. Sal daar nie op sommige plattelandse dorpie mense wees wat sal probeer om op die een of ander manier fondse in te samel om sulke huisies te laat bou nie?

Self 'n alleenlopende ou tannie, is dit 'n onderwerp waaroor ek baie nagedink het en dikwels met weduwees en afgetrede ou dames oor gesels het. Op 'n keer het ons 'n groot bou-aannemer in Pretoria gevra of hy nie nog 'n woonstelgebou, alleen vir oumense kon oprig nie. Hy het nogal goeie raad gegee: waarom vorm al die ouer persone wat 'n tuisste soek waar hulle rustig en met goeie versorging hul laaste jare kan slyt, nie 'n maatskappy nie? As al die afgetrede persone met klein inkomstes en pensioene hul geldjies bymekaar sit en self gerieflike geboue met een of twee kamers vir elkeen kan laat bou sal hulle vir goed geholpe wees. Daar sal wel genoeg persone met ondervinding van sake onder hierdie afgetrede persone wees wat so 'n maatskappy op die been kan bring en met behulp van goedgesinde prokureurs en boumeesters die hele saak op vaste voet kan vestig. Ek meen dat die regering ook sal insien dat dit hul plig is om hul afgeleefde burgers wat die land so goed gedien het by te staan met skenkings van o.a. geskikte terreine in elke provinsie.

Ek dink hierdie idee kan gerus deur al die ou mense verder uitgepluis word en miskien wil die onderwysers- en ander verenigings van afgetrede persone 'n praktiese plan agtermekaar kry en dit uitvoer.

EVA WALTER.

Dis vir my 'n genoeë om die volgende wenk aan die hand te doen: dat daar op elke dorp 'n vereniging gestig word in samewerking met die kerkgenootskappe en stadsrade om fondse in te samel en dat twee of drie erwe beskikbaar gestel word vir die bou van huisies op die mees ekonomiese wyse, vir hierdie doel. Die geboue moet ongeveer 80 voet lank wees, in vier vertrekke van 20 voet gedeel en met een gesamentlike eet- en voorkamer, een slaapkamer, k.s.b. Die geboue moet in 'n vierkant of die erf gebou word, met 'n sentrale saal in die middel wat sa dien as koffie- en geselskamer. Hier sal die oumense gesellig om die radio kan sit of koffiedrink en gesels, en onafhanklik en vry asof

hy of sy nog op die plaas is. Die inwoners kan maandeliks 'n klein huur betaal.

KOL. H. VAN DER MERWE.

Waarlik ek was nog nooit so bly en dankbaar oor 'n artikel as oor die stuk van mej. Goldblatt „Wat word van die ou geslag?” nie. Ek het al baie gedink en gewens dat daar behalwe in die groot stede en die skiereiland ook op die kleiner dorpie of dorpe, soos bv. Robertson met sy groot gemeenskap, daar ook so 'n heenkome soos deur mej. Goldblatt voorgestel, opgerig moet word. Ten spyte van goeie en vriendelike versorging in die oudame-tehuise in die stad en elders, wil 'n mens tog liever graag nie ontwortel word nie. En veral oumense wat altyd net die binneland geken het, wil hul oudag slyt tussen hul ou vriende en bekendes. Ek sou ook aan die hand gee dat die tehuise nie twee-en-'n-half of drie myl buite die dorp moet wees nie, maar binne in die dorp indien moontlik.

M. M. NEL.

Ja, wat van ons? Die vraag doem gedurig by my op. Ek sien ook hier so baie van my eie soort, en dan sien ek hulle na die poskantoor aanstropel vir 'n regeringspensioen. Oues van dae, baie so onwelkom in hul kinders se huise, en die probleem kan maar nie opgelos word nie. Ons praat en ons praat van ons oues van dae, maar hulle bly 'n probleem. Hoe bly is ek dat u die saak op so 'n mooi manier aangerooi het. As u stuk tog maar die gewenste aanmoediging sal gee. Sal u nie weer skrywe nie? Ek is seker daar is baie wat u sal help as ons net die wa aan die loop kan kry.

E. S. LA GRANGE.

## ELSE LOUWRENS

(Vervolg van bladsy 41)

By al haar begaafdheid het Else Louwrens nog iets gehad wat by so baie begaafde mense ontbreek. Sy was 'n gebalanseerde, beskeie en innemende vrou met 'n fyn humorsin, en daarby ook 'n innige Christen in die hoogste sin van die woord.

Die lewe het haar swaar slae toegedien. Haar geliefde vader is dood toe sy op die drempel van die lewe gestaan het; haar moeder wie sy en haar susters en broer byna verafgoed het, moes sy sien wegwyn voor haar oë, die slagoffer van 'n pynlike en ongeneesbare siekte, nog jonk in gees en vol lewenslus; haar eggenoot na 'n kort huwelik van maar elf jaar; en toe haar jongste dogtertjie van net twee jaar.

Omdat sy die slae deurgemaak het, was haar hart vol simpatie vir haar medemens. Sy kon hulle moeilikhede met hul saamvoel. Vir hul swakhede het sy altoos 'n verskoning gehad, alhoewel haar eie beginsels baie hoog was.

„Tout comprehendre est tout pardonner” sê die Fransman — om alles te verstaan is om alles te vergewe. So het Else haar vriende verstaan.

Daar is maar min van haar vriende wat nie op een of ander geleentheid 'n gediggie van haar ontvang het nie — met die geboorte van 'n kindjie, 'n huwelik of verjaardag. Een wat op Stellenbosch bekend is, is die huldigingsgedig wat sy van wyle prof. Hans Enderl geskryf het kort na sy dood.

Else Louwrens is nie meer met ons nie, maar so lank as haar vriende luister na die musiek wat sy so lief gehad het, leef sy onsterflik, in hul harte.

## OË

(Vervolg van bladsy 29)

„Nee,” verduidelik sy. „Die by het twee saamgestelde oë waarmee hy besonder goed kan sien. In elk geval, byna al die insekte het vyf oë. Ja, moenie so verbaas lyk nie — daar is die twee groot saamgestelde oë en drie klein oë in die vorm van 'n driehoek bo op hul koppe.”

Marais vryf ingedagte sy voorhoof. „Vryf 'n bietjie verder na agter,” sê sy vrou, „en dan sal jy naby die plek van 'n ander oog wees. O nee, die mens het natuurlik nooit 'n derde oog gehad nie, maar sekere diere het dit wel gehad, miljoene jare gelede, en spore daarvan is vandag nog te sien. Het jy nog nie van die harsingkegel gehoor nie? Descartes het gesê dat hierdie klier miskien die setel van die menslike siel is. Daar is nog akkedisse wat hierdie oog het.

„Alle reptiele het oë,” gaan sy voort, „selfs blinde slange. Hulle funksioneer nie juis veel nie, maar hulle is darem daar. Slange het ook 'n ooglid. Dit is egter onbeweeglik, en natuurlik deursigtig. Daar is sekere woestyn-akkedisse wat 'n klein venstertjie in hul onderste ooglid het. Hulle loer daardeur wanneer hul oë toe is om hulle teen sand te beskerm.”

Skielik val iets my by. „Noudat ons van slange praat,” sê ek, „ek het ertens gelees dat 'n slang 'n glasooog gehad het.”

„Nee,” antwoord mev. Marais. „'n Luislang in 'n Londense diere-tuin het 'n oog verloor en die wetenskaplikes het hom 'n nuwe een gegee. Besoekers aan die diere-tuin kon nie vasstel watter die nuwe oog was nie. Dit moes natuurlik uitgehaal word elke slag wanneer die slang vervel.”

„Dis ongelooflik,” mompel Marais.

„Wel, in Amerika kry honde glas-oë in die plek van oë wat hulle in gevegte verloor. Daar is selfs 'n spesialis in New York wat die glas-oë verskaf. En die Amerikaners lê baie oorspronklikheid aan die dag. Hulle maak selfs glas-oë wat bloedbelope is. Met die groot bevolking wat hulle het, is daar natuurlik 'n groot vraag na glas-oë — meer as 'n kwartmiljoen mense in die Verenigde State het glas-oë.”

„Maar bly die oë altyd pas?” vra ek.

„Daaroor hoef 'n mens jou nie juis te bekommer nie. Glas-oë hou in elk geval nie veel meer as 'n jaar nie. Die glas slyt gou uit.”

Ek kyk in my koppie. „Moenie skeel kyk nie,” vermaan sy my. „Jou keëls kry genoeg lig. Ja, ons retinas is maar net so dik soos 'n vel papier en tog is hulle opgebou uit nege verskillende lae, waarvan die eerste uit keëls en balkies bestaan. Hulle vang al die lig op. Daar is geskat dat elke oog sowat drie miljoen klein keëls en dertigmiljoen balkies het.”

Net toe sien ek my bus aankom en maak my gereed om dit te haal.

„Moet nou nie verongeluk nie,” maan sy my tot versigtigheid. „Anders sal ons miskien pennies op jou oë moet plaas. Die gebruik het honderde jare gelede in Engeland ontstaan om die ooglede toe en die bese geeste weg te hou. En . . . ek sal nie soos die dokter wees wat aanwesig was toe Abraham Lincoln oorlede is nie. Omdat laasgenoemde 'n president was, het die geneesheer dit passend geag om na sy dood 'n silwer-halfdollar op elke oog te plaas.”